



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

SENIOR FASE

GRAAD 9

NOVEMBER 2018

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V3

PUNTE: 45

TYD: 1 uur



Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings.

AFDELING A: OPSTEL (20 punte)

AFDELING B: LANGER TRANSAKSIONELE TEKS (10 punte)

2. Beantwoord EEN vraag uit elke afdeling.
3. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.
4. Skryfstukke moet beplan, geredigeer en geproeflees word. Maak gebruik van 'n vloediagram / kopkaart / sleutelwoorde. Die beplanning moet voor die finale produk gedoen word.
5. Alle beplanning moet duidelik aangedui word. Trek 'n streep deur die beplanning nadat die finale produk geskryf is.
6. Nommer elke geskrewe teks volgens die nommeringstelsel wat in die vraestel gebruik is.
7. **Voorsien elke skryfstuk van 'n gepaste titel of opskrif.** Lees die instruksies by elke vraag oor die titel noukeurig deur.
8. Tel die woorde aan die einde van die skryfstuk en skryf dit tussen hakies onderaan die skryfstuk neer.
LET WEL: Die titel word nie in aanmerking geneem wanneer die woorde aan die einde van die skryfstuk getel word nie.
10. Dit sal tot jou voordeel strek indien jou werk leesbaar en netjies is.
11. Skryf in die taal wat geassesseer word.

AFDELING A: OPSTEL**VRAAG 1****INSTRUKSIES**

- Kies EEN vraag en skryf 210–250 woorde oor die onderwerp (4–8 paragrawe).
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy gekies het, boaan die skryfstuk neer.

1.1 Jou beste vriend of vriendin vertel altyd die wonderlikste stories oor sy/haar lewe. Vertel ons daarvan.

Titel: My vriend of vriendin se lewe.

[20]

1.2 "... en toe word ek wakker! Ek is so bly / ongelukkig dat dit 'n droom was."

Skryf 'n OPSTEL oor 'n wonderlike of aaklige droom wat jy gehad het.

Eindig jou opstel met bogenoemde woorde.

Titel: My droom.

[20]

1.3 Sosiale netwerke kan jou in die moeilikheid bring.

Stem jy saam met die stelling of nie?

Titel: Sosiale netwerke

[20]

1.4 Ek sien uit na Graad 10.

Vertel ons waarom jy na 2019 en Graad 10 uitsien.


Titel: 2019

[20]

1.5 Kies EEN van die visuele tekste en skryf 'n **opstel** daaroor.

Gee jou skryfstuk 'n gepaste titel. Jou opstel moet by die kern van die prent pas.

1.5.1



[Uit <http://www.google.com>]

[20]

1.5.2

[Uit <http://www.google.com>]**[20]****TOTAAL VIR AFDELING A: 20**

AFDELING B: LANGER TRANSAKSIONELE TEKSTE**VRAAG 2****INSTRUKSIES**

- Kies EEN vraag en skryf 140–160 woorde oor die onderwerp.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy gekies het, boaan die skryfstuk neer.

2.1 ONDERHOUD

Rusland was die gasheer vir die 2018 sokkerwêreldbekertoernooi.
Voer 'n onderhoud met een van die spelers wat daaraan deelgeneem het. [10]

2.2 DAGBOEKINSKRYWING

Maak TWEE dagboekinskrywings oor jou graad 9-jaar by jou hoërskool.

Dagboekinskrywing 1: Goeie dinge.
Dagboekinskrywing 2: Slegte dinge. [10]

2.3 VERSLAG

'n Vyftienjarige meisie van jou skool het verdwyn. Jy het haar gesien toe sy vir haar vervoer huis toe gewag het. Jy het gesien dat sy met 'n persoon praat. Jy moet 'n verslag by die polisiestasie oor die insident invul.

Gebruik die aangehegte vorm om die verslag te voltooi. Heg dit aan jou antwoordstel. Die verslag moet in volsinne geskryf word. [10]

TOTAAL AFDELING B: 10
GROOTTOTAAL: 30

VRAAG 2.3: VORM VIR VERSLAG**(Skeur af en heg aan jou vraestel)**

Inligting van verklaarder:

Van en volle naam:

Woonadres:

Identiteitsnommer / Geboortedatum:

Inligting omtrent die vermiste persoon:

Beskryf die vermiste persoon se voorkoms:

.....

.....

Beskryf die vermiste persoon se kleredrag wat sy aangehad het:

.....

.....

Waar is sy laas gesien?.....

.....

.....

Gee 'n beskrywing van die persoon met wie sy laaste gesien is:

.....

.....

.....

Indien die vermiste persoon in 'n voertuig weggeneem is, wat was die kleur, fabrikaat en registrasienommer van die motor?.....

.....

.....

Vertel kortliks wat jy gesien het:

.....

.....

.....

Wat is jou verwantskap met die vermiste persoon?.....

.....

Hiermee verklaar ek dat die inligting verskaf, korrek is.

Handtekening:

Datum: